



**Handleiding van die Nasionale Kernreguleerder (NKR) ingevolge
artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000
(Wet No. 2 van 2000)**

INLEIDING

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) ("die WBTI" of "die Wet"), is verorden om gevolg te gee aan die reg van toegang tot inligting vervat in artikel 32(2) van die Handves van Regte van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Hierdie handleiding lig 'n versoeker in oor hoe om toegang te kry tot rekords wat deur die Nasionale Kernreguleerder (NKR) gehou word en gee daardeur gevolg aan artikel 14 van die Wet.

Die Wet op die Nasionale Kernreguleerder, 1999 (Wet No. 47 van 1999) ("die NKR-wet") verbied ingevolge artikel 51 die bekendmaking van inligting. Hierdie verbod is onder meer onderhewig aan die WBTI-wet.

Hierdie handleiding vervang nie die NKR-wet nie, maar moet met dié wet en die regulasies saamgelees word.

Artikel 34 tot 46 van die WBTI bepaal die gronde vir weiering van toegang tot inligting. Wanneer die NKR toegang tot inligting oorweeg, moet hy die gronde vir weiering uiteengesit in die WBTI in ag neem.

Dit is belangrik om daarop te let dat die bekendmaking van rekords gehou deur die NKR nie die NKR belet om toegang tot inligting te weier wanneer daar ingevolge die WBTI gronde is vir die weiering van sodanige toegang nie.

INHOUD

Bladsy

HOOFSTUK 1

1.1	Mandaat	4
1.2	Oogmerke van die NKR	4
1.3	Wersaamhede van die NKR	5

HOOFSTUK 2

2.1	Kontakbesonderhede	6
-----	--------------------	---

HOOFSTUK 3

3.1	Gids oor hoe om die WBTI te gebruik	7
-----	-------------------------------------	---

HOOFSTUK 4

4.1	Toegang tot rekords gehou deur die NKR	8
4.2	Inligting wat formeel versoek kan word	9
4.3	Versoekprosedure	11
4.4	Gronde vir weiering	13
4.5	Appel teen weiering van toegang tot inligting	15
4.6	Artikel 15-kennisgewing	16

HOOFSTUK 5

	Diverse aangeleenthede	16
5.1	Reelings wat openbare betrokkenheid toelaat by beleidsformulering en die uitoefening van bevoegdhede	16
5.2	Bywerking van handleiding	16
5.3	Beskikbaarheid van handleiding	17
5.4	Versoek om toegang tot rekord van openbare liggaam	17
5.5	Voorgeskrewe gelde	17

HOOFSTUK 1

1.1 Mandaat

Die Nasionale Kernreguleerder (NKR of "die Reguleerder") het ingevolge die Wet op die Nasionale Kernreguleerder, 1999 (Wet No. 47 van 1999) ("die NKR-wet"), die mandaat om voorsiening te maak vir die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen kernskade.

1.2 Oogmerke van die NKR

Die oogmerke van die NKR is om-

- Deur die daarstelling van veiligheidstandaarde en regulerende praktyke voorsiening te maak vir die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen kernskade;
- Regulerende beheer uit te oefen in verband met die veiligheid van die aanlê, ontwerp, oprigting, bedryf, vervaardiging van onderdele, ontsmetting, buitediensstelling en sluiting van kerninstallasies;
- Deur die toestaan van kernmagtigings regulerende beheer uit te oefen oor ander handelingte waarop hierdie Wet van toepassing is;
- Deur die implementering van 'n stelsel van nakomingsinspeksies te verseker dat die voorwaardes van kernmagtigings nagekom word;
- Nasionale verpligtinge ten opsigte van internasionale regsinstrumente rakende kernveiligheid na te kom; en
- Toe te sien dat voorskrifte vir kernnoodbeplanning daargestel is.

1.3 Werksaamhede van die NKR

Die NKR kan-

- Kernmagtigings toestaan of wysig;
- Bates aanwend en hulpbronne ontplooi (huur, koop, verkry);
- Met ander instellings saamwerk vir die insameling en verspreiding van wetenskaplike en tegniese inligting betreffende kernenergie;
- Met ander instellings saamwerk betreffende die voorsiening van onderrig aan of die opleiding van persone deur die Reguleerder benodig;
- Finansiële of ander bystand verskaf ten opsigte van die opleiding van persone om die NKR in staat te stel om sy werksaamhede uit te oefen;
- Homself verseker teen verlies, skade, risiko of aanspreeklikheid;
- Die Minister adviseer oor aangeleenthede wat verband hou met enige handeling of toestand wat-
 - kernskade kan veroorsaak;
 - die Minister na die Reguleerder verwys; of
 - die Reguleerder meen nodig is om die Minister oor te adviseer;
- Optree as die nasionale bevoegde owerheidsliggaam in verband met die *Regulasies vir die veilige vervoer van radioaktiewe materiaal* van die Internasionale Atoomenergie-agentskap;
- Kontrakte sluit, ooreenkomste aangaan of enige handeling verrig, hetsy in die Republiek of elders, waardeur uitvoering aan sy oogmerke gegee word of wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks die waarde van die dienste wat die Reguleerder ter bereiking van sy oogmerke lewer, te verhoog of wat voorgeskryf word;
- 'n Jaarlikse verslag oor die gesondheid en veiligheid van werkers, die publiek en die omgewing verbonde aan alle terreine insluitende, maar nie beperk tot, die voorgeskrewe inhoud opstel en aan die Minister voorlê.

HOOFSTUK 2

2.1 Kontakbesonderhede

Die NKR se inligtingsbeampte: Dr Mzubanzi Bismark Tyobeka

Telefoon: +27 (0) 12 674 7187

Faks: +27 (0) 12 663 5513

E-pos: bmtyobeka@nnr.co.za

Die NKR se adjunk-inligtingsbeampte: Gino Moonsamy

(Bestuurder: Kommunikasie en Belanghebbende-verhoudinge)

Telefoon: +27 12 674 7111

Faks: 086 588 4450

E-pos: gmoonsamy@nnr.co.za

Hoofkantoor

Posadres:

Posbus 7016, Centurion, 0046

Straatadres:

Eco Glades 2-kantoorpark

Blok G, Witch-Hazellaan

Highveld-uitbreiding 75

Eco Park

Centurion

0157

Telefoon: +27 12 674 7100

Faks: +27 12 663 5513

Terreinkantoor

Posadres:

Posbus 46055, Kernkrag, 7441

Straatadres:

12 Raatz Rylaan

Delphi Arch Building

Tableview

Kaapstad

Telefoon: +27 21 553 9500

Faks: +27 21 553 1361

Die inligtingsbeampte kan gekontak word by die NKR se hoofkantoor in Centurion. Die inligtingsbeampte het sy magte en bevoegdheids oorgedra aan die adjunk-inligtingsbeampte wat as die inligtingsbeampte optree. Alle versoeke ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) ("die WBTI") moet aan die adjunk-inligtingsbeampte gerig word.

HOOFSTUK 3

3.1 Gids oor hoe om die WBTI te gebruik

Hierdie gids in artikel 10 van die WBTI bedoel, is verkrygbaar by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (MRK).

Alle navrae in verband daarmee moet gerig word aan:

Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie

WBTI-eenheid

Hoofdstraat 33
Braampark, Forum 3
Braamfontein
Johannesburg
2198

Telefoon: +27 11 877 3600 8300

Faks: +27 11 403 06257149

Webtuiste: www.sahrc.org.za

E-pos: paia@sahrc.org.za

HOOFSTUK 4

4.1 Toegang tot rekords gehou deur die NKR

4.1.1 Outomatiese beskikbaarheid

Inligting oor die volgende onderwerpe is beskikbaar sonder om formeel 'n versoek te rig:

- 4.1.1.1 Jaarverslae
- 4.1.1.2 Ligging van kantore
- 4.1.1.3 Persvystellings
- 4.1.1.4 Reklamemateriaal
- 4.1.1.5 Inligting oor kernmagtigingsgelde.

4.2 Inligting wat formeel versoek kan word

4.2.1 Die NKR hou inligting wat verband hou met die onderwerpe wat hieronder gemeld word. Toegang tot sommige van die inligting word beperk ooreenkomstig die bepalings van die WBTI. Daarom word nie al die inligting, wat hieronder genoem word, beskikbaar gestel wanneer 'n formele versoek ooreenkomstig paragraaf 4.3 hieronder gerig word nie.

4.2.1.1 Regsaangeleenthede

- Aangeleenthede wat betrekking het op NKR-wetgewing
- Samewerkingsooreenkomste
- Ooreenkomste rakende betrekkinge met regulatoriese owerhede in ander lande.

4.2.1.2 Organisasie en beheer

- Notules van raadsvergaderings
- Notules van vergaderings van subkomitees van die raad
- Notules van interne en eksterne komitees (bestuurskomitee, uitvoerende komitee en transformasiekomitee)
- Dokumentasie oor strategiese en korporatiewe beplanning
- Delegering van gesag
- Verklaring van belange.

4.2.1.3 Mensehulpbronne

- Organisasoriese struktuur
- Werwing en aanstellings
- Posbeskrywings en -evaluerings
- Werknemerwelstand en arbeidsbetrekkinge

- Diensvoorwaardes
- Organisatoriese ontwikkeling en opleiding
- Dokumentasie oor mensehulpbronbeleid
- Transformasiebeleid en -plan
- Diensgelykheidsbeleid en -plan
- Vaardigheidsontwikkelingsplan
- Inligting oor byvoordele van personeel, soos mediese skema, aftreefonds en groeplewensversekering.

4.2.1.4 Finansies

- Begroting en rekenings
- Fondse en beleggings
- Bateregister
- Ouditaangeleenthede
- Finansiële verslae.

4.2.1.5 Risikobestuur

- Inligting oor die hantering van die bedryfsrisiko's van die NKR
- Versekeringskontrakte
- Veiligheidsinligting (inligting oor aangeleenthede van fisiese veiligheid).

4.2.1.6 Dienste en administrasie

- Geboue
- Inligtingsdienste
- Administratiewe aangeleenthede
- Lidmaatskap van beroepsliggame.

4.21.7 Kommunikasie en openbare betrekkinge

- Inligting oor openbare en gemeenskapsforums
- Uitstallings en skoue
- Opnames.

4.2.1.8 Inligting oor die tegniese funksies (oogmerke) van die NKR

- Kernmagtigings
- Registrasiesertifikate
- Nakomingsverslae
- Dokumentasie oor tegniese beramings
- Wetenskaplike en ingenieurswerkverslae
- Dokumentasie oor tegniese spesifikasies
- Konferensieverslae
- Verslae oor navorsing oor regulasies.

4.2.2 Voormelde inligting is vervat in die volgende formate:

Verslae, notules, korrespondensie (inkomende en uitgaande), memorandum, fakture, state en rekwisities en tegniese tekeninge (elektronies en as harde kopie).

4.3 Versoekprosedure

4.3.1 Toegang tot inligting hierbo gemeld moet versoek word deur die voorgeskrewe Vorm A ("die versoekvorm"), wat van die NKR se webtuiste afgelaai kan word, in te vul en die voorgeskrewe gelde te betaal soos in die bylae van gelde hieronder vermeld word.

4.3.2 Die versoeker word aangeraai om vas te stel watter soort versoeker hy of sy is, want die soort versoeker het sekere gevolge. 'n Versoeker wat toegang verlang tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor daardie versoeker bevat, hoef nie die versoekgelde te betaal nie. 'n Versoeker wat 'n versoek rig om toegang tot inligting wat deur die NKR gehou word, moet die versoekgelde betaal. 'n Versoeker wat namens 'n ander persoon 'n versoek rig, moet bewys lewer van die hoedanigheid waarin hy of sy handel en die versoekgelde betaal.

4.3.3 Om die administratiewe proses te bespoedig, word aanbeveel dat die versoekgelde by indiening van die versoek betaal word.

4.3.4 Die versoeker moet aandui of hy of sy 'n afskrif van die rekord verlang of die rekord by die kantore van die NKR wil besigtig.

4.3.5 Toegang tot voornoemde inligting word toegestaan op die wyse waarop die versoeker toegang versoek het, tensy dit onredelikerwys met die bestuur en bedryf van die NKR sou inmeng, die rekord sou beskadig of die outeursreg daarvan sou skend.

4.3.6 Indien toegang, om praktiese redes, nie op die wyse wat versoek is nie maar op 'n ander wyse verleen kan word, word die toegangsgelde bereken ooreenkomstig die wyse waarop die versoeker toegang versoek het.

4.3.7 Indien die versoeker nie kan lees of skryf nie of 'n gestremdheid het, kan die versoek mondeling gerig word, in welke geval die inligtingsbeampte die vorm namens die versoeker moet invul en 'n afskrif daarvan aan die versoeker moet gee as bewys van die versoek.

4.3.8 Die versoeker moet duidelik op die versoekvorm aandui-

- 4.3.8.1 of hy of sy telefonies of op 'n ander wyse van die uitkoms van die versoek ingelig wil word; en
 - 4.3.8.2 die hoedanigheid waarin die versoek gerig word indien die inligting namens 'n ander persoon versoek word.
- 4.3.9 Die versoekvorm kan per faks of per pos of e-pos by die NKR ingedien word.

Nadat die inligtingsbeampte 'n besluit oor die versoek geneem het, moet hy of sy die versoeker oor daardie besluit inlig op 'n wyse waarop die versoeker daarvoor ingelig wil word, en wel binne 30 dae na ontvangs van die versoek of binne 30 dae na die tydperk van uitstel. Die versoeker moet skriftelik oor die tydperk van uitstel ingelig word.

Die adjunk-inligtingsbeampte moet die versoeker inlig oor die volgende besluite:

- 4.3.9.1 Dat die versoek toegestaan word;
- 4.3.9.2 Dat die versoek gedeeltelik toegestaan of geweier word;
- 4.3.9.3 Dat gelde betaalbaar is;
- 4.3.9.4 Dat die versoek na 'n ander toepaslike openbare liggaam of staatsdepartement oorgedra word;
- 4.3.9.5 Dat 'n derde party in kennis gestel moet word;
- 4.3.9.6 Dat die rekords nie gevind kon word nie.

4.4 Gronde vir weiering

4.4.1 Toegang tot die volgende rekords word nie toegestaan nie, want die WBTI is nie daarop van toepassing nie:

- 4.4.1.1 Rekords van die Kabinet

- 4.4.1.2 Rekords van Kabinetskomitees
- 4.4.1.3 Die regterlike werksaamhede van 'n Hof
- 4.4.1.4 Die rekords van 'n besondere tribunaal
- 4.4.1.5 Die rekords van 'n regterlike amptenaar
- 4.4.1.6 Die rekords van 'n Lid van die Parlement of 'n provinsiale wetgewer.

4.4.2 Die adjunk-inligtingsbeampte moet 'n versoek om toegang weier op grond van die volgende:

- 4.4.2.1 Verpligte beskerming van die privaatheid van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is;
- 4.4.2.2 Verpligte beskerming van sekere rekords van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;
- 4.4.2.3 Verpligte beskerming van die kommersiële inligting van 'n derde party;
- 4.4.2.4 Verpligte beskerming van sekere vertroulike inligting van 'n derde party;
- 4.4.2.5 Verpligte beskerming van die veiligheid van individue, en die beskerming van eiendom;
- 4.4.2.6 Verpligte beskerming van polisdossiere in borgverrigtinge, en die beskerming van regstoepassing en regsverrigtinge;
- 4.4.2.7 Verpligte beskerming van rekords geprivilegieerd van voorlegging in geregtelike verrigtinge;
- 4.4.2.8 Verpligte beskerming van die navorsingsinligting van 'n derde party, en beskerming van die navorsingsinligting van 'n openbare liggaam;
- 4.4.2.9 Waar die openbaarmaking die veiligheid of verdediging van die Republiek van Suid-Afrika kan benadeel of inligting oor 'n ander staat of internasionale organisasie kan openbaar maak; en waar inligting ingevolge 'n internasionale ooreenkoms vertroulik gehou moet word of militêre inligting uitmaak;

- 4.4.2.10 Waar openbaarmaking die ekonomiese belange of finansiële welsyn van Republiek van Suid-Afrika in gevaar kan stel;
- 4.4.2.11 Waar openbaarmaking die veilige bedryf van 'n kerninstallasie in gevaar kan stel of 'n bedreiging kan uitmaak vir kernveiligheid of inbreuk kan maak op uitvoerings- en noodgereedheidsplanne.

4.5 Appèl teen weiering van toegang tot inligting

4.5.1 'n Versoeker of derde party wat ontevrede is met 'n besluit van die adjunk-inligtingsbeampte kan by 'n Hoë Hof aansoek doen om gepaste bystand. Die versoeker kan teen die volgende appelleer:

- 4.5.1.1 Die besluit van die adjunk-inligtingsbeampte om die versoek om toegang te weier;
- 4.5.1.2 Die besluit geneem betreffende die betaling van versoekgelde, toegangsgelde of 'n gedeelte van toegangsgelde as deposito; of
- 4.5.1.3 Die besluit geneem om toegang toe te staan in 'n ander vorm as wat versoek is.

4.5.2 'n Derde party kan om die volgende redes om bystand by 'n hof aansoek doen:

- 4.5.2.1 Die besluit van die adjunk-inligtingsbeampte om die versoek om toegang toe te staan;
- 4.5.2.2 Die besluit van die adjunk-inligtingsbeampte om die versoek om toegang te weier;
- 4.5.2.3 Die besluit geneem betreffende die betaling van versoekgelde, toegangsgelde of 'n gedeelte van toegangsgelde as deposito;

4.5.2.4 Die besluit geneem om toegang toe te staan in 'n ander vorm as wat versoek is.

4.6 Artikel 15-kennisgewing

Geen artikel 15(2)-kennisgewing is uitgevaardig nie.

HOOFSTUK 5

Diverse aangeleenthede

5.1 Reëling wat openbare betrokkenheid toelaat by beleidsformulering en die uitoefening van bevoegdhede [artikel 14(1)(g) van die WBTI]

- Openbare deelname ingevolge die bepalings van artikel 21(4) van die NKR-wet;
- Openbare en werknemerforums deur die NKR ingestel;
- Verhore en werkwinkels – die publiek mag hierdie verhore en werkwinkels bywoon en daar vertoë rig;
- Programme vir vrywilligers en internskapprogramme – 'n werwingsbeleid is in plek vir die werwing van lede van die publiek vir sodanige poste;
- Raadpleging en kontrakwerk – 'n Beleid is in plek oor konsultante met betrekking tot verkryging.

5.2 Bywerking van handleiding [artikel 14(2) van die WBTI]

Die NKR sal sy handleiding genoem in artikel 14(1) met tussenposes van hoogstens een jaar bywerk en publiseer.

5.3 Besikbaarheid van handleiding [artikel 14(3) van die WBTI]

Regulasie 4(1) van Regulasies No. R. 187 van 15 Februarie 2002 bepaal dat die handleiding van 'n openbare liggaam op die volgende wyses beskikbaar gestel moet word:

- Afskrifte in drie amptelike tale moet beskikbaar gestel word by elke plek van pliglewering (soos bepaal by artikel 6 van die Wet op Pliglewering, 1997 (Wet No. 54 van 1997)), die MRK en die kantore van die NKR.
- Hierdie handleiding word in drie amptelike tale in die *Staatskoerant* gepubliseer.
- Hierdie handleiding word op die NKR se webtuiste www.nnr.co.za beskikbaar gestel.

5.4 Versoek om toegang tot rekord van openbare liggaam

- Alle formele versoeke om inligting wat nie outomaties verkrygbaar is nie, moet op die voorgeskrewe **Vorm A** gerig word. **Versoeke om inligting wat outomaties verkrygbaar is, kan mondeling of telefonies gerig word.**

5.5 Voorgeskrewe gelde

- Die bylae van gelde wat van toepassing is op versoeke om toegang word hieronder uiteengesit.

BYLAE VAN GELDE

BESKRYWING VAN GELDE	Rand (R)
Versoekgelde	
Versoekgelde betaalbaar deur alle versoekers, buiten persoonlike versoekers	35,00
Gelde vir reproduksie [Hierdie gelde is ook op rekords wat outomaties beskikbaar is en op vrywillige openbaarmakings van toepassing]	
Die gelde vir 'n afskrif van die handleiding soos beoog in regulasie 5(c): vir elke fotokopie van 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	0,60
Vir elke fotokopie van 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	0,60
Vir elke gedrukte afskrif van 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan gehou op 'n rekenaar of in 'n elektroniese of masjien-leesbare formaat	0,40
Vir 'n afskrif in 'n rekenaarleesbare formaat op:	
1. Fermskyf (stiffie)	5,00
2. Kompakskyf (CD)	40,00
Vir 'n transkripsie van visuele beelde:	
1. Vir 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	22,00
2. Vir 'n afskrif van visuele beelde	60,00
Vir 'n transkripsie van 'n klankrekord:	
1. Vir 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	12,00
2. Vir 'n afskrif van 'n klankrekord	17,00
Toegangsgelde (van toepassing op rekords versoek deur middel van die WBTI-versoekvorm)	
Vir elke fotokopie van 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	0,60
Vir elke gedrukte afskrif van 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan gehou op 'n rekenaar of in 'n elektroniese of masjienleesbare formaat	0,40
Vir 'n afskrif in 'n rekenaarleesbare formaat op:	
1. Fermskyf (stiffie)	5,00
2. Kompakskyf (CD)	40,00
Vir 'n transkripsie van visuele beelde:	
1. Vir 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	22,00
2. Vir 'n afskrif van visuele beelde	60,00

Vir 'n transkripsie van 'n klankrekord:	
1. Vir 'n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan	12,00
2. Vir 'n afskrif van 'n klankrekord	17,00
Gelde vir soek en voorbereiding Om 'n rekord vir openbaarmaking te soek, vir elke uur of 'n gedeelte daarvan, uitgesonderd die eerste uur, wat redelikerwys vir sodanige soek en voorbereiding vereis word	15,00 (per uur, uitgesonderd die eerste uur)
Deposito vereis [artikel 22(2)]	
Vir die doeleindes van artikel 22(2) van die WBTI, is die volgende van toepassing: 1. 'n Tydperk van ses uur moet oorskry word voordat 'n deposito betaalbaar is. 2. Een derde van die toegangsgelde is as deposito betaalbaar deur die versoeker.	
Posgeld	
Die werklike posgeld is betaalbaar indien 'n afskrif van 'n rekord aan 'n versoeker gepos moet word.	

Die NKR aanvaar betaling op die volgende wyses:

1. Direkte deposito
2. Elektroniese bankoordragte
3. 'n Verrekeningstyd van 10 dae geld vir nieoordraagbare tjeks.